| | | |
|---|---|---|
| **Graad 7** | **Afrikaans Huistaal** | **Augustus 2020** |
| **Vraestel 1** | **Afdeling A** | **Hardop Lees** |

## Die hart van Suid-Afrika en sy mense?

*Marie en Daphne bevind hulle in Johannesburg. Die stad van goud. Die hart van Suid-Afrika. Die vraag is nou net of ons liefde en warmte in hierdie stad aantref? Dit het ook nie lank vir hulle geneem om die antwoord op die raaisel te kry nie.*

Daphne: Kyk net na die pragtige boustyl van daardie ou huis. Ek is seker dat daardie huis in die vorige eeu gebou is.

Marie : Ek hou ook baie van ou huise. Die ou Kaaps-Hollandse huise met hul pragtige gewels en die luike voor die vensters is vir my besonder mooi. Ek verkies die boustyl van daardie huise.

Daphne: Ek stem saam met jou. Hulle het meer karakter en praat met jou.

Marie: *(Met ’n hartseer toon in haar stem)* ’n Mens voel amper hartseer dat ontwikkelaars niks daarvan sal dink om ’n ou huis te sloop nie. Dit voel vir my of die ontwikkelaars geen respek vir die geskiedenis het nie.

Daphne: *(Met ’n frons tussen haar oë)* Ja, hulle sal nie twee maal dink om ’n klomp aangrensende ou huise te sloop en plek te maak vir wolkekrabbers nie. Hoeveel van hierdie ou huise is net nie al gesloop nie? Huise wat stories vir ons kan vertel.

Marie: Om te dink dat daar eens net veld was waar ons nou al hierdie wolkekrabbers sien. Veld waar springbokke gallop het. Veld waar jy die stilte kon hoor. En nou word kantoorblokke en woonstelblokke die een na die ander opgerig.

Daphne: *(Met ’n lae stemtoon)* Dis hartseer om te dink dat jy maar net nóg ‘n inwoner is. Niemand stel regtig in jou belang nie.

Marie: *(Met ’n breë glimlag)* Dis beslis nie die geval op die platteland nie. Die platteland mag miskien nou nie so baie soos die stad bied nie, maar ten minste smelt jy nie in die samelewing weg nie. Hier het die mense nog vir mekaar tyd en kuier om die braaivleisvure is nog hoog op die ranglys. Iets waarvan die stedelinge maar net kan droom!

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend lees & pousering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beklemtoning & stembuiging: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Uitspraak, hoorbaarheid & lees met gevoel: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

| | | |
|---|---|---|
| **Graad 7** | **Afrikaans Huistaal** | **Augustus 2020** |
| **Vraestel 1** | **Afdeling B** | **Luister en praat** |

Die drukpot - ’n luukse of noodsaaklikheid?

In ons gejaagde lewe is die drukpot beslis ’n noodsaaklikheid en nie ’n luukse nie, aangesien die meeste vroue moet werk om die pot aan die kook te hou. As sy saans by die huis kom, hoef sy haar nie nog voor die stoof af te sloof nie. Daarvoor het die drukpot gesorg. Geen wonder die drukpot is die begeerte van elke vrou nie. Die drukpot stel haar in staat om ’n volledige maaltyd binne ’n uur of meer voor te sit.

Gestoofde beesvleis wat twee uur of langer in die oond gaargemaak word, sal in die drukpot na twintig minute gaar en sag wees. So kan aartappels weer binne vyf minute gaargemaak word. Groente kan reeds die vorige aand geskil word, terwyl manlief heel ontspanne by sy vrou in die kombuis sit en oor die gebeure van die dag gesels. Sodoende kan die egpaar meer tyd saam deurbring. As die vrou die volgende dag sesuur by die huis kom, kan die kos gaar wees voor manlief kla oor hongerpyne.

Dikwels moet die vrou ook op kort kennisgewing ’n ete voorberei vir vername mense van “die hoof van die huis.” Om byvoorbeeld die “nors ou bullebak” vir ete te nooi, mag dalk bevordering beteken. Was dit nie vir die drukpot nie, kon hierdie onverwagse “noodberigte” al menige huwelike gekos het. Dit is egter nie net tyd wat bespaar word nie. Aangesien kos vinniger in die drukpot gaar is, spaar dit ook elektrisiteit. Ten minste een rekening wat kleiner aan die einde van die maand is.

Die gaarmaakproses in ’n drukpot geskied onder druk en met stoom.

Luisterteks

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Luister na paragraaf 1. Hoe hou die inhoud van hierdie paragraaf verband met die opskrif van hierdie luisterteks? | /1 |
| 2 | Noem TWEE voordele wat die drukpot inhou. | /2 |
| 3 | Luister na paragraaf 3. Reken jy dat die man altyd sy vrou in ag neem? Verskaf die rede vir jou antwoord. | /1 |
| 4 | Verskaf die rede waarom vleis wat in ’n drukpot gaargemaak word, nooit taai sal wees nie, maar sag. | /1 |

**Debat**

Getroude vrouens moet werk vs Getroude vrouens moet te alle tye by die huis wees.

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiendheid, pousering, beklemtoning & stembuiging: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Uitspraak, hoorbaarheid en oorreding: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

| | | |
|---|---|---|
| **Graad 7** | **Afrikaans Huistaal** | **Augustus 2020** |
| **Vraestel 2** | **Afdeling A** | **Leesbegrip** |

**1 Kortverhaal: As die lyne deurmekaar raak**

Klara staan voor die yskas. Sal sy die yskasdeur oopmaak? 'n Vraag wat oor en oor deur haar kop maal. Sy proe al die dikgestroopte koeksister. Niemand sal tog agterkom as sy net enetjie eet nie. Buitendien, daar is ook ander verdagtes in die huis.

Al huiwerend steek sy haar hand uit. Dis net die yskasdeur tussen haar en die koeksisters. Net toe sy die yskas wou oopmaak, hoor sy haar ma en pa. Hulle stap in die rigting van die kombuis. Sy was seker dat hulle al slaap. Hoe nou?

Sy wens sy kon opkrul saam met die gevlegte vreugdes in die yskas – maar besef dan dat sy in lewensgevaar is. Sy skuif tussen die yskas en die besemkas in. Die lig word aangeskakel.

Die volgende woorde skok haar tot in haar siel.

"Ons sal van haar ontslae moet raak, Helena. Daar's nog die ander drie en ons kan net eenvoudig nie meer almal bekostig nie."

Het sy reg gehoor? Hoe is dit moontlik dat jou ouers van jou wil ontslae raak? Nie sommer net by 'n familie of jou vriende aflaai nie. Nee, vermoor van alle dinge! Sy het nooit besef dat haar ouers haar drie broers liewer het as vir haar nie.

Dit voel soos ure later wat sy bedremmeld terug kamer toe skuifel.

Die volgende oggend sê haar pa ewe onskuldig: "Klara, ek het goeie en slegte nuus vir jou."

"Die slegte nuus is natuurlik dat hulle my gaan doodmaak en die goeie nuus is natuurlik dat hulle vir my 'n duur begrafenis beplan," dink sy by haarself.

"Ek en jou ma het gisteraand besluit om van Snoffels ontslae te raak. Snoffels is buitendien al 'n baie ou vark. Ons het besluit om net die drie klein varkies te hou. Wat dink jy? As jy eerder vir Snoffels wil hou, dan maak ons 'n ander plan. Pa het jou hopeloos te lief om jou vark sonder jou toestemming te slag."

Klara weet nie wat om te sê nie. Hoe kon sy vir een oomblik dink dat haar pa haar sou doodmaak. Sy voel skaam vir haar eie gedagtes. Trane van berou rol oor haar wange. Watter soort mens is sy? Sy kan nie 'n woord uitkry nie. Sy stap al huilend na haar pa en omhels hom. Nou loop die trane sommer vrylik oor haar wange. Sy besef maar alte goed dat sy vir hom sal moet vertel. Sy en haar pa was nog altyd eerlik met mekaar. Geen plek vir geheime nie.

**1 Kortverhaal: <u>As die lyne deurmekaar raak</u>**

1.1 Waar speel paragraaf 1 af? (1)
1.2 Wat verstaan jy onder: “Daar is ook ander verdagtes in die huis”? (1)
1.3 Lees paragraaf 3. Van watter <u>beeldspraak</u> maak die skrywer gebruik as hy na die “gevlegte vreugdes” verwys. (1)
1.4 Wie is die <u>hoofkarakter</u> in die bostaande drama? (1)
1.5 Lees die laaste paragraaf. Oor watter goeie <u>karaktereienskap</u> het Klara beskik? Verskaf die rede vir jou antwoord. (1)
1.6 Lees paragrawe 4-7. Noem enige emosie wat Klara kon ondervind het. Verskaf die rede waarom sy juis hierdie spesifieke emosie ondervind het. (2)
1.7 Verskaf die rede waarom Klara gehuil het nadat haar pa vir haar gesê het dat hulle besluit het om van Snoffels ontslae te raak, maar dat die besluit nogtans by haar lê. (1)

**Totaal:8**

**2 Die instruksieteks: Hoe om koffie te maak.**

<u>Instruksie</u>
Hoe om koffie te maak.

<u>Benodigdhede</u>
Ketel
Beker
Teelepel

<u>Bestanddele</u>
Koffie
Suiker
Melk

<u>Metode</u>

1 Tap water in die leë ketel.
2 Skakel die ketel met koue water aan.
3 Plaas ’n beker op die tafel.
4 Gooi koffie in die beker.
5 Gooi suiker in die beker.
6 Wag tot die water kook.
7 Gooi die kookwater in die beker met koffie en suiker.
8 Voeg melk by.
9 Roer die koffie.

**2 Instruksieteks: <u>Hoe om koffie te maak</u>**

2.1 Verskaf die rede waarom ons nie elke daaropeenvolgende <u>instruksie</u> met "jy moet" begin nie, maar wel met die <u>werkwoord</u>. (1)

2.2 Noem slegs EEN bestanddeel wat nie noodwendig 'n <u>vereiste</u> is by die maak van koffie nie. Verskaf die rede vir jou antwoord. (1)

2.3 Verskaf die rede waarom instruksies 5 & 9 nie omgeruil kan word nie. (1)

**Totaal: 3**

**3 Die advertensie: <u>Akkomodasie</u>**

***Het jy 'n ruskans nodig?***

- **Tweeslaapkamer met dubbelgeriewe**
- **Braaigeriewe**
- **Ongelooflike see-uitsig**
- **Vyf minute loopafstand van die see**

- **Kontakpersoon :** Pieter de Lange
- **Selfoonnommer:** 078 4470 831
- **Adres:** Strandweg 8<br>Strand<br>4368

3.1 Op watter manier kon die adverteerder van die bostaande advertensie die akkomodasie nog meer adverteer? (1)

3.2 Word 'n plek, 'n produk of 'n besienswaardigheid in die bostaande advertensie geadverteer? Verskaf die rede vir jou antwoord. (1)

3.3 Wie sal die <u>teikenmark</u> vir die bostaande advertensie wees? (1)

3.4 Waarom sou jy sê dat 'n mens die eienaar/bemarker van hierdie akkomodasie 24 uur per dag in die hande kan kry? (1)

**Totaal:4**

**GROOT TOTAAL: 15** **/15**

**Graad 7** **Afrikaans Huistaal** **Augustus 2020**

**Vraestel 2** **Afdeling B** **Taal**

## Gebruik meer hernubare energie

1 “Ons moet van son- en windkrag tot gas gebruik maak – dit is waarheen die hele wêreld beweeg. Ons kan nie net meer op steenkool staatmaak nie,” sê Piet van Staden, ’n voormalige voorsitter van die Groep van Intensiewe Energieverbruikers.

2 “Om soos Eskom swaar op steenkool en kernkragsentrales te steun pleks daarvan om hernubare energiebronne soos wind en sonkrag te benut, is soos om selfoontegnologie te probeer stuit of steeds met ’n donkiekar te wil ry,” beaam die energiekenner, Chris Yelland.

3 ’n Onlangse verslag van die Internasionale Energieagentskap wys daarop dat die vraag na elektrisiteit sedert 2018 wêreldwyd met 4% toegeneem het. Brittanje het egter bewys dat dit moontlik is om, ondanks ’n verhoogde aanvraag na eleketrisiteit, van steenkoolkrag na hernubare kragbronne oor te skakel.

4 “Binne 18 tot 24 maande kan ’n groot windopwekkingsaanleg opgerig en volkome funksioneel wees,” sê Ntuli, uitvoerende hoof van die Suid-Afrikaanse Windenergievereeniging. Een so ’n aanleg kan tot 3 miljoen huishoudings van krag voorsien. Vergeleke met die oprigting van ander kragstasies is dit ook kostedoeltreffend.

5 “Ons windplase verskaf nou meer elektrisiteit as wat hulle toegelaat word om aan die nasionale kragstelsel te lewer,” voeg sy by. “Hierdie oortollige elektrisiteit kan altyd aan Eskom verkoop word en die land se beurtkragkrisis is onmiddellik verlig.”

**Graad 7** | **Afrikaans Huistaal** | **Augustus 2020**

**Vraestel 2** | **Afdeling B** | **Taal**

1 **Skryf slegs EEN samestelling in paragraaf 2 neer.** (1)
2 **Skryf die onderwerp in reël 1 neer.** (1)
3 **Skryf slegs EEN gesegde in reël 11 neer.** (1)
4 **Gee die trappe van vergelyking vir die onderstreepte byvoeglike naamwoord in reël 14.** (1)
5 **Skryf die onderstreepte sin in parafraaf 3 oor in die verlede tyd.** (1)
6 **Skryf die eienaam in paragraaf 5 neer.** (1)
7 **Gee die meervoud vir die onderstreepte woord in reël 8.** (1)
8 **Gee die sinoniem vir die onderstreepte woord in reël 15.** (1)
9 **Skryf die onderstreepte sin in reëls 16 en 17 in die lydende vorm.** (1)
10 **Skryf die onderstreepte sin in reëls 1 en 2 in jou eie woorde neer.** (1)
11 **Skryf die bywoord van maniere/wyse in reël 5 neer.** (1)
12 **Dui die bywoordelike bysin van tyd in die onderstaande sin aan.**

Suid-Afrika kan 'n groot windopwekkingsaanleg oprig, sodra fondse beskikbaar gestel word. (1)

13 **Skryf die onderstreepte gedeelte in reëls 20 en 21 in die ontkennende vorm.** (1)

14 **Maak 'n sin van jou eie met die onderstreepte woord in reël 6 waar hierdie woord as 'n voorsetsel optree.** (1)
15 **Gee die verboë vorm van die onderstreepte byvoeglike naamwoord.**

Die moeg werker het van die kragsentrale af gekom en direk na sy huis toe gegaan. (1)

**Totaal: 15** **/15**

| **Graad 7** | **Afrikaans Huistaal** | **Augustus 2020** |
|---|---|---|
| **Vraestel 2** | **Afdeling C** | **Letterkunde** |

**1 Gedig: Die ster**

"Ek staan vanaand alleen
Onder die hemelboog;
Daar ver
skyn 'n ondeunde ster
Wat glinsterend flikkeroog.

Ou sterretjie daarbo,
Jy blink so bibb'rend flou
So rein
En onbeduidend klein
In die eindloos-wye blou;

En tog vertel hul my
Dis seker en gewis
Dat een
Fyn sterretjie alleen
'n Hele wêreld is.

O wêreld, groter as
Die omvang van my gees
Verklaar
My, as dit werklik waar
Is, wat sou ek dan wees? …

*Elizabeth Eybers*

1.1 Watter effek het die laaste strofe op die digteres? (1)

1.2 Dui die rymwoorde in strofe 3 aan waar ons eindrym aantref. (1)

1.3 Skryf strofe 1 op jou antwoordstel. Dui aan waar ons die enjambement aantref. (1)

1.4 Skryf die DRIE versreëls neer wat aaneen gelees word waar ons personifikasie by een van die versreëls aantref. Onderstreep hierdie versreël en verskaf die rede waarom jy sou sê dat ons personifikasie hier aantref. (2)

1.5 Skryf die versreël in strofe 2 neer waar ons alliterasie aantref. Watter effek verkry ons hier deur van alliterasie gebruik te maak? (1)

**Totaal :6** **(6)**

**2 Die drama: ’n Gedeelte uit Vyf en ’n half wense**

*Benji is ’n graad 7-leerling. Sy ouers het aan die begin van die jaar na die stad verhuis. Hulle het van die platteland af gekom. Hy was baie ongelukkig in die nuwe skool. Hy vind dit moeilik om in ’n stadskool aan te pas.*

Benji: *(moedeloos met sy hande in sy hare)* Ek haat hierdie skool. Die kinders is *stupid*, die onderwysers is simpel en hulle maak of hulle alles weet.

Ma: *(terwyl sy hom oor sy rug vryf en hom probeer moed inpraat)* Ag, Benji, wees net geduldig. Een van die dae voel jy beter.

Benji: *(terwyl hy wegruk en oor sy skouer mompel)* Aag, Ma sê altyd so! Ma weet niks! Ma weet nie hoe dit voel om die enigste een te wees wat nuut is nie. Almal staar mens net aan. Ek het geen vriende nie. Ek haat die skool. Ek haat julle! Hoekom het julle getrek? Ek wil teruggaan na my ou skool toe.

*Hy storm kamer toe en klap sy deur toe. Na ’n rukkie klop sy pa aan die deur.*

Pa: *(praat met ’n gerusstellende stem terwyl hy die kamerdeur oopmaak)* Ai, Benji, wat kan ek tog vir jou sê. Ons is so jammer dat jy ongelukkig is, maar ons kon nie langer daar in die platteland bly nie. Daar is geen werk vir my nie. Wees tog geduldig. Alles sal regkom.

Benji: *(terwyl hy met sy rug na sy pa toe staan)* Maar Pa weet nie hoe moeilik dit is nie. Niemand praat eers met my nie. Ek voel regtig alleen.

Pa: (*terwyl hy sy kop skud)* Ja, ek weet dis vir jou moeilik, maar probeer tog maar jou bes. Onthou, ons weet jy is ’n wenner. Alles sal regkom.

*Sy pa draai om en Benji bly alleen in sy kamer agter. Pa laat alles so maklik klink. Hy besluit om vir sy ouers te wys dat hy altyd ’n wenner is. Hy gaan hom nie so maklik laat onderkry nie. Hy wil hê sy ouers moet trots op hom wees. Hy kan nie wag om môre skool toe te gaan nie. Hy gaan beslis nuwe vriende maak.*

2.1 Reken jy dat Benji in opstand teenoor sy ouers gekom het? Indien wel, verskaf die rede vir jou antwoord. (1)

2.2 Waarom sou jy sê dat hierdie uittreksel van “Vyf en ’n half wense” geloofwaardig is? Verskaf slegs EEN rede vir jou antwoord. (1)

2.3 Wat het Benji hom voorgeneem om te doen na die gesprek met sy pa? (1)

2.4 Waarom kan ons sê dat Benji aanvanklik selfsugtig was? (1)

**Totaal: 4** **/4**

**GROOT TOTAAL: 10** **/10**

| **Graad 7** | **Afrikaans Huistaal** | **Augustus 2020** |
|---|---|---|
| **Vraestel 3** | | **Skryf** |

**Skryf 'n <u>verhalende</u> opstel oor EEN van die onderstaande onderwerpe.**

Die misverstand.
Die gebeure agter die geslote luike van die venster.

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud, onderwerpgebonde & interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Inleidende- & slotparagraaf: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Taalgebruik, woordorde, idiome & spel: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning, parafrasering & skryfstyl: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**of**

**Skryf 'n <u>beskrywende</u> opstel oor EEN van die onderstaande onderwerpe.**

Hongerpyne en oë wat smeek vir kos.
Gevlegte vreugdes.

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud & onderwerpgebonde: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beskrywing & interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Taalgebruik, woordorde, idiome & spel: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning, parafrasering & skryfstyl: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**EN**

**Skryf 'n <u>instruksieteks</u> oor EEN van die onderstaande instruksies.**

Die voorbereiding en gaarmaak van kos.
Die oprigting van sonpanele.

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Formaat: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Chronologie, taalgebruik en spel: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**of**

**<u>Adverteer</u> EEN van die onderstaande.**

Die rugbywedstryd van die jaar.
Tuindienste.

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Manupilerende taalgebruik en oorreding: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Formaat, voorkoms & netheid: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Memorandum**

| | | |
|---|---|---|
| **Graad 7** | **Afrikaans Huistaal** | **Augustus 2020** |
| **Vraestel 1** | **Afdeling B** | **Luister en praat** |

Die drukpot – ’n luukse of noodsaaklikheid?

1 Daar word daarop gewys dat die drukpot ’n noodsaaklikheid en nie ’n luukse is nie. /
Die drukpot is ’n noodsaaklikheid vir die werkende vrou wat saans vinnig ’n ete moet voorberei, gaarmaak en moet voorsit.
**(Enige van die bostaande of enige ander aanvaarbaare antwoord.)** (1)

2 Dit bespaar tyd. /
Die werkende vrou hoef haar saans nie voor die stoof af te sloof nie. /
Etes word vinniger in die drukpot voorberei. /
Kos kan vinnig vir onverwagte gaste voorberei en gaargemaak word. /
Aangesien die kos vinniger gaar word, spaar dit elektrisiteit.
**(Enige TWEE bostaande antwoorde.)** (2)

3 Nee. Die man nooi soms mense op die nippertjie uit wat tot gevolg het dat die vrou vinnig ’n ete moet voorberei en gaarmaak om voor te sit. (1)

4 Aangesien die gaarmaakproses in ’n drukpot onder druk en in stoom geskied. (1)

| | |
|---|---|
| **Totaal: 5** | **/5** |
| **Debat: 10** | **/10** |
| **GROOT TOTAAL:** | **/15** |

**Memorandum**

| | | |
|---|---|---|
| **Graad 7** | **Afrikaans Huistaal** | **Augustus 2020** |
| **Vraestel 2** | **Afdeling A** | **Leesbegrip** |

**1 Kortverhaal: As die lyne deurmekaar raak**

1.1 Voor die yskas. (1)

1.2 Haar pa / haar ma / een van haar broers kon ook net sowel een van die koeksisters geëet het. (1)

1.3 Die metafoor. (1)

1.4 Klara is die hoofkarakter. (1)

1.5 **Eerlikheid**. Sy neem haar voor om vir haar pa te vertel dat sy hom daarvan verdink het dat hy haar wou vermoor. /
**Berou**. Sy het berou gehad oor haar onvergeeflike gedagtes.
**(Slegs een van die bostaande antwoorde is aanvaarbaar.)** (1)

1.6 **Verbasing**. Sy kon nie glo dat haar ouers haar wou vermoor nie. /
**Skok**. Dit was vir haar ’n skok om te hoor dat ouers so wreed kan wees. /
**Ongeloof**. Sy kon nie glo dat ouers sover sou gaan om hul kinders te vermoor, net om te kan oorleef nie. /
**Teleurstelling en hartseer**. Sy het nie besef dat haar ouers haar broers liewer het as vir haar nie.
**(Enige van die bostaande met die motivering of enige verdere aanvaarbare antwoord.)** (2)

1.7 Sy kan nie glo dat sy in sy liefde vir haar getwyfel het nie. (1)

**2 Die instruksieteks: Hoe om koffie te maak**

2.1 Aangesien hierdie instruksies deur almal wat koffie wil maak, gevolg moet word. /
Die werkwoord dui daarop watter instruksie gevolg moet word deur die persoon wat koffie wil maak. (1)

2.2 Suiker. Nie almal hou van soet koffie nie. /
Melk. Party mense verkies die smaak van swart koffie. (1)

2.3 ’n Mens voeg immers eers die suiker by, alvorens jy dit kan roer. (1)

**3 Advertensie: Akkomodasie**

3.1 Hy kon die advertensie ook op ’n webtuiste adverteer. /
Hy kon sy kontaknommer gedurende kantoorure ook verskaf het. / (1)

3.2 ’n Plek. ’n Verblyfplek vir die komende vakansie word geadverteer. (1)

3.3 Die teikenmark is voornemende vakansiegangers. (1)

3.4 Jy kan hom op sy selfoon bel. (1)

**Totaal: 15**

**Memorandum**

**Graad 7** **Afrikaans Huistaal** **Augustus 2020**

**Vraestel 2** **Afdeling B** **Taal**

Gebruik meer hernubare energie

**1** Kernkragsentrale / energiebron / sonkrag / selfoontegnologie / donkiekar / energiekenner
**(Enige van die bostaande antwoorde is aanvaarbaar.)** (1)

2 Ons moet van son- en windkrag tot gas gebruik maak. (1)

3 Die vraag na elektrisiteit het toegeneem /
Brittanje het egter bewys. **(Slegs EEN antwoord is aanvaarbaar.)** (1)

4

| Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap | |
|---|---|---|---|
| Groot | groter | grootste | (1) |

5 ’n Onlangse verslag van die Internasionale Energieagentskap het daarop gewys dat die vraag na elektrisiteit sedert 2018 wêreldwyd met 4% toegeneem het. (1)

6 Hierdie oortollige elektrisiteit kan altyd aan Eskom verkoop word. (1)

7 Donkiekarre (1)

8 Binne 18-24 maande kan ’n groot windopwekkingsaanleg opgerig en ten volle / geheel en al / heeltemal / totaal funksioneel wees.
**(Enige antwoord is aanvaarbaar.)** (1)

9 Tot 3 miljoen huishoudings kan deur een so ’n aanleg van krag voorsien word. (1)

10 Al die lande (die wêreld) sal in die toekoms van son- en windkrag tot gas gebruik maak. /
Die aanwending van son- en windkrag tot die gebruik van gas, is die toekoms vir die moderne mens.
**(Enige aanvaarbare antwoord.)** (1)

11 Om soos Eskom swaar op steenkool en kragsentrales te steun pleks daarvan om hernubare energiebronne soos son- en windkrag te benut,
is soos om selfoontegnologie te probeer stuit. (1)

12 Suid-Afrika kan ’n groot windopwekkingsaanleg oprig, sodra fondse beskikbaar is. (1)

13 Hierdie oortollige elektrisiteit kan nooit aan Eskom verkoop word nie. (1)

14 Die seun loop om die tafel.
**(Enige aanvaarbare antwoord.)** (1)

15 Die moeë werker het van die kragsentrale af gekom en direk na sy huis toe gegaan. (1)

**Totaal: 15** **/15**

**Memorandum**

| | | |
|---|---|---|
| **Graad 7** | **Afrikaans Huistaal** | **Augustus 2020** |
| **Vraestel 2** | **Afdeling C** | **Letterkunde** |

**1 Gedig: Die ster**

1.1 Sy voel klein en magteloos. **(Enige verdere aanvaarbare antwoord.)** (1)

1.2 Dis seker en gewis
Dat een
Fyn sterretjie alleen
'n Hele wêreld is. (1)

1.3 Ek staan vanaand alleen
Onder die hemelboog; //
Daar ver
skyn 'n ondeunde ster
Wat glinsterend flikkeroog. /// (1)

1.4.1 Daar ver
skyn 'n ondeunde ster
Wat glinsterend flikkeroog.

1.4.2 'n Ster kan nie met die oog knik nie. /
'n Ster het nie 'n oog om te kan knik nie.
**(Enige van die bostaande of enige verdere aanvaarbare antwoord.)** (2)

1.5 Jy blink so bibb'rend flou
Die effek van koue. (1)

**2 Die drama: Vyf en 'n half wense**

2.1 Ja. Hy het sy ouers meegedeel dat hy hulle haat, aangesien hulle die oorsaak is dat hy sy ou skool moes verlaat. / Hy het weggeruk as sy ma hom wou moed inpraat en het sy rug op sy pa gekeer, terwyl hy met hom gepraat het.
**(Enige van die bostaande antwoorde is aanvaarbaar.)** (1)

2.2 Enige handeling wat in die bostaande drama plaasvind, aangesien elke handeling in die werklike lewe kan plaasvind. (1)

2.3 Hy het hom voorgeneem om nuwe vriende te maak. (1)

2.4 Hy was so behep met sy eie geluk dat hy nie eers uitgevind het waarom sy ouers stad toe getrek het nie. (1)

**Totaal: 10**

## Naslaanbronne

## Hardop lees

Die hart van Suid-Afrika en sy mense?
*Lees en Leer*
RA Kruger, DJ van Dellen, AM von Wielligh, EJ du Plessis
Perskor-uitgewers 1975

Aangepas uit: *Marie en Daphne besoek weer vir Johannesburg.*

## Luister en praat

Die drukpot – 'n Luukse of noodsaaklikheid?
*Afrikaans Eerste Taal*
IJV Mans, JM Frey, CJ Esterhuyse
Perskor-uitgewery, 1973

## Lees met begrip

*As die lyne deurmekaar raak*
Jan Esterhuyse, Japie Pienaar, Ronel Gouws
Maskew Miller Longman (Edms) Bpk 1992

## Taal

Gebruik meer hernubare energie
*Die Huisgenoot,* 30 Januarie 2020
Publishers: Research Council Uitgegee deur: Media 24

## Letterkunde

Gedig

Die ster

Digteres: *Elizabeth Eybers*
*Klein Verseboek*
Saamgestel deur DJ Opperman
Tafelberg Uitgewers (Edms) Bpk 1959

Drama

Vyf en 'n half wense

*Almal Verstaan Afrikaans*
W Mentz
Macmillen Suid-Afrika (Edms) Bpk 2012